

Bepalings en voorwaardes vir die Afrikaans.com Skilder met Woorde-kompetisie

1. Beskrywing van kompetisie

- Deelnemers word genooi om 'n kunswerk te skilder wat een van Anton Goosen se liedjies uitbeeld. Die keuse van liedjies sluit die volgende in:
 - Jantjie
 - Hanoverstraat
 - Waterblommetjies
 - Umfaan
 - Harlekyn
 - Trompie
 - Straattroebadoere
 - My Stellenbosse nonnatjie
- Die liedjies se lirieke is beskikbaar op Afrikaans.com se webtuiste.

2. Formaat van kompetisiereëls en inskrywing

- Deelnemers moet 'n hoë resolusie foto van die kunswerk aan Afrikaans.com e-pos by myafrikaans@afrikaans.com, of dit via Facebook Messenger stuur, of dit per WhatsApp aanstuur by **064 652 6873**.
- Deelnemers moet hul naam, van, ouderdom en skool verskaf sowel as die liedjie wat hul gekies het om uit te beeld.
- Die kompetisie is slegs gemik op skoolleerders van graad 1 tot graad 12.
- Deelname aan die kompetisie en aanvaarding en/of gebruik van 'n prys, of enige aspek daarvan, is op die deelnemer se eie risiko.
- Inskrywings word geag as toestemming vir Afrikaans.com om dit na goeddunke op Afrikaans.com se webtuistes en sosialemediaplatforms aan te wend.
- Geen persone geaffilieer by Afrikaans.com, of 'n werknemer van Afrikaans.com, mag inskryf nie.
- Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen verdere korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.

3. Tydperk van kompetisie

- Inskrywings open op **5 Oktober 2020** en sluit op **31 Maart 2021** om **00:00**.
- Slegs inskrywings wat binne hierdie tydsraamwerk ontvang word, sal oorweeg word.

4. Kies, aankondiging en vergoeding van weners

- Die weners word almal in die eerste week van **April 2021** aangekondig.
- Weners sal privaat gekontak word. Verdere reëlins sal dan getref word. Alle prysgeld word in kontant aan die wenner, wat 'n Suid-Afrikaanse bankrekening moet hê, betaal. Weners moet besonderhede binne vyf (5) werksdae aan Afrikaans.com verskaf.
- Afrikaans.com behou die reg om die prysgeld te weerhou, sou die inskrywings nie op standaard wees nie.
- Die volgende pryse is op die spel:
 - **R 500 vir elke finalis (10 finaliste)**
 - **Top 5 inskrywings: R 1000 elk**
 - **Eerste prys: R 2000 (Die skool waarin die betrokke leerder is, sal ook wegstap met R 10 000)**
- **Kriteria vir beoordeling:**
 - Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen verdere korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.

